


FEES VAN DIE HEILIGE ONSKULDIGE KINDERTJIES

28 DESEMBER



“Toe Herodes agterkom dat hy deur die sterrekeners om die bos gelei is, was hy briesend. En hy het in Bethlehem en die hele omliggende gebied al die seuntjies van twee jaar en jonger om die lewe laat bring. In ooreenstemming met die tyd wat hy noukeurig van die sterrekeners verneem het. Toe is vervul wat deur die profeet Jeremia gesê is: ‘ ’n Stem is in Rama gehoor, ’n droewige gehuil en luide rouklag; Ragel huil oor haar kinders, en sy weier om vertroos te word, omdat hulle nie meer daar is nie.” *(Matteus 2:16-18)*